



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V1 JUNIE 2025

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye,
'n formuleblad en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Konsepte, Inkomstestaar en Balansstaar	55	44
2	Gewone aandelekapitaal- en Behoue inkomstenotas en Kontantvloestaar	51	41
3	Ontleding en vertolking van finansiële state	24	19
4	Korporatiewe bestuur en Ouditverslae	20	16
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: KONSEPTE, INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT
(55 punte; 44 minute)

- 1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by die term/beginsel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	IFRS	A	Dui die moontlike bron van fondse aan, asook beweging van geld in en uit die besigheid oor 'n spesifieke periode.
1.1.2	Kontantvloeistaat	B	Word op die AJV van 'n maatskappy aangestel en is verantwoordelik vir die uitspraak van 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy waarby hulle nie geaffilieer is nie.
1.1.3	Inkomstestaat	C	Is op die AJV van 'n maatskappy verkies en is verantwoordelik vir die bestuur van die maatskappy en die implementering van beleide.
1.1.4	Direkteur(e)	D	Spesifieke riglyne wat gevolg moet word tydens die voorbereiding van finansiële state om konsekwenheid te verseker.
1.1.5	Onafhanklike ouditeur(e)	E	Weerspieël moontlike winste of verliese vir 'n gegewe finansiële tydperk.
		F	'n Aanduiding van die finansiële posisie van 'n maatskappy op 'n gegewe datum.

(5)

1.2 WANKARABA BEPERK

Die inligting het betrekking op Wankaraba Beperk vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2025.

GEVRA:

Voltooi die volgende:

- 1.2.1 Die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 April 2025. (33)

- 1.2.2 Die Staat van Finansiële posisie, Ekwiteit en Laste, waarvan sekere bedrae reeds in die ANTWOORDEBOEK ingevul is. (17)

INLIGTING:**Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 April 2025.**

Balansstaatrekening-afdeling	
Gewone aandelekapitaal	3 500 000
Behoue inkomste	?
Lening: Mahikeng Bank	5 100 000
Toerusting	438 500
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Mei 2024)	122 000
Debiteurekontrole	952 600
Voorsiening vir oninbare skuld	50 000
Handelsvoorraad	843 136
SAID Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	462 160
Krediteurekontrole	967 350
Nominale rekening-afdeling	
Verkope	7 523 000
Koste van verkope	?
Huurinkomste	119 808
Lone en salarisse	457 745
Versekering	42 000
Direkteursfooie	687 500

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A. Op 29 April 2025 stuur 'n debiteur, L Landini, goedere terug wat vir R40 600 aan hom verkoop was. Geen inskrywing is hiervoor gemaak nie.
- B. Wankaraba Bpk. handhaaf 'n winsopslag van 60% op kosprys. Daar was gedurende die jaar verkope van R260 000 waarop daar 20% handelskorting toegestaan was.
- C. Wankaraba Bpk. se debiteure-invordering het drasties verbeter gedurende die afgelope jaar en daarom moet die Voorsiening vir oninbare skuld tot 5% van die uitstaande debiteure aangesuiwer word.
- D. 'n Fisiese voorraadopname op die laaste dag van die finansiële jaar toon handelsvoorraad ter waarde van R835 000.
- E. Die maatskappy verhuur sedert 1 Julie 2024 'n onbenutte gedeelte van die gebou. Die huurooreenkoms bepaal dat die huur jaarliks op 1 November met 6% sal toeneem. Die huurder het 2 maande se huur vooruit betaal omdat hy met vakansie gaan.
- F. Maak voorsiening vir waardevermindering op Toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode. LET WEL: Nuwe toerusting ter waarde van R64 500, is op 1 Januarie 2025 aangekoop en behoorlik geboekstaaf.

- G.** 'n Addisionele versekeringspolis met 'n jaarpremie van R18 000 is op 1 Augustus 2024 betaal en geboekstaaf.
- H.** Wankaraba Bpk. het twee direkteure waarvan een reeds sy direkteursfooie vir Mei 2025 ontvang het.
- I.** Die leningstaat ontvang van Mahikeng Bank toon rente van R480 000 wat gekapitaliseer moet word.
- 25% van die uitstaande bedrag van die lening gaan in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.
- J.** Die korrekte netto wins na belasting, na inagneming van die bogenoemde aansuiwerings, beloop R1 251 378. Inkomstebelasting is bereken teen die standaardkoers van 28%.
- K. Aandele en dividende:**
- Die direkteure het nie tydens die jaar 'n interim dividend verklaar nie aangesien hulle fondse opbou om die besigheid uit te brei. 'n Finale dividend van 13 sent per aandeel was egter verklaar om die aandeelhouers gelukkig te hou.
 - Daar is geen aandele gedurende die finansiële jaar uitgereik of teruggekoop nie. 75% van Wankaraba Bpk se gemagtigde aandele van 1 200 000 is reeds uitgereik.
 - Die NBW van aandele is 628 sent op 30 April 2025.

55

**VRAAG 2: GEWONE AANDELEKAPITAAL- EN BEHOUE INKOMSTE
NOTAS EN KONTANTVLOEISTAAT (51 punte; 41 minute)**

- 2.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies om die stelling te voltooi. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1 tot 2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Verbruiksgoedere voorhande aan die einde van die finansiële jaar word as 'n (bedryfsbate/finansiële bate) geklassifiseer.
- 2.1.2 Aandeelhouers verloor slegs hul belegging in aandele indien 'n maatskappy bankrot speel as gevolg van die (beperkte/onbeperkte) aanspreeklikheidsbegrip.
- 2.1.3 Die vraag na aandele op die JEB word beïnvloed deur die (netto batewaarde per aandeel/markprys per aandeel).
- 2.1.4 Beduidende items, soos rente uitgawe, word afsonderlik in die finansiële state getoon in ooreenstemming met die (omsigtigheidsbeginsel/toevallingsbeginsel/wesenlikheidsbeginsel).
- 2.1.5 (Likiditeit/Solvabiliteit) dui op die vermoë van die maatskappy om die korttermynverpligtinge na te kom.

(5)

2.2 Notas tot die balansstaat en kontantvloeistaat

Die volgende inligting het betrekking op Anathi Bpk.

Anathi Bpk. het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 3 680 000 gewone aandele en die finansiële jaar eindig jaarliks op 28 Februarie.

Stel die volgende notas tot die Balansstaat op vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025:

2.2.1 Gewone aandelekapitaal (8)

2.2.2 Behoue inkomste (10)

2.3 Bereken die bedrag wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn vir:

2.3.1 Belasting (4)

2.3.2 Dividende betaal (3)

2.3.3 Aandele teruggekoop (3)

2.4 Stel die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat op:

2.4.1 Verandering in bedryfskapitaal (10)

2.4.2 Kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite (4)

2.4.3 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

INLIGTING:**A. Aandelekapitaal en dividende:**

- Gemagtigde aandele: 3 680 000
Op 1 Maart 2024 was 25% van die aandele uitgereik.
- 320 000 addisionele aandele is op 1 Maart 2024 vir R761 200 uitgereik.
- 'n Interim dividend van 15 sent per aandeel is op 31 Augustus 2024 betaal.
- 20 000 aandele is op 28 Februarie 2025 by 'n ontevrede aandeelhouer teruggekoop teen R0,50 meer as die gemiddelde aandeelprys. Die aandeelhouer kwalifiseer steeds vir die finale dividend.

B. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

Waardevermindering	?
Rente uitgawe	44 000
Inkomstebelasting (28%)	464 800
Netto wins na belasting	?

C. Uittreksel uit die Balansstaat van Anathi Bpk op 28 Februarie 2025:

	2025	2024
Vaste bates teen drawaarde	1 734 190	1 300 500
Finansiële bates		
Beleggings	1 640 000	1 680 000
Bedryfsbates		
Voorraad	224 000	328 000
Handels- en ander ontvangbares:	256 000	316 000
Handelsdebiteure	239 600	204 000
SAID - Inkomstebelasting	16 400	0
Vooruitbetaalde uitgawes	0	112 000
Kontant en kontant ekwivalente	210 400	15 000
Aandeelhouerskwiteit	3 201 200	?
Gewone Aandelekapitaal	1 744 600	?
Behoue inkomste	?	2 474 800
Langtermynlaste		
Lening: ASKA Bank	800 000	960 000
Bedryfslaste	233 600	479 300
Handelskrediteure	120 000	88 000
SAID: Inkomstebelasting	0	23 800
Aandeelhouers vir dividende	272 800	154 000
Vooruitontvang inkomste	9 600	0
Oortrokke bank	0	126 000

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (24 punte; 19 minute)

Boland Bpk vs Limpopo Bpk

'n Kollega van jou is 'n aandeelhouer van twee maatskappye, Boland Beperk en Limpopo Beperk, wat op die JEB gelys is. Jy het lank gespaar en het R150 000 om te belê en vra daarom sy raad. Hy verskaf aan jou die volgende inligting oor beide maatskappye.

GEVRA:

- 3.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers:
 - Netto batewaarde van Limpopo Bpk.
 - Skuld-ekwiteitsverhouding van Boland Bpk. (6)
- 3.2 Jou kollega is van mening dat die likiditeit situasie van Limpopo Bpk. beter is as dié van Boland Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om sy mening te ondersteun. (6)
- 3.3 Boland Bpk het gedurende die finansiële jaar besluit om 'n groot bedrag op die lening af te betaal. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om aan te toon hoekom dit nie 'n goeie besluit deur die direkteure was nie. (Hefboomeffek)) (6)
- 3.4 Lewer kommentaar oor die waarde van die twee maatskappye se aandele op die JEB. Verduidelik hoe hierdie syfers jou keuse rakende die twee maatskappye sal beïnvloed. (6)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie van Boland Bpk. en Limpopo Bpk. op 30 April 2025

	Boland Bpk	Limpopo Bpk
Aandeelhouersekwhiteit	3 033 450	4 233 600
Gewone aandelekapitaal	2 424 000	3 186 000
Behoue inkomste	609 450	1 047 600
Nie-bedryfslaste	606 690	2 540 160

B. Finansiële aanwysers

	Boland Bpk.	Limpopo Bpk.
Bedryfsverhouding	4,3 : 1	2,0 : 1
Vuurproefverhouding	3,31 : 1	1,3 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	5 keer	9 keer
Skuld-ekwiteitsverhouding	?	0,6 : 1
% Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang	25,9%	15,0%
% Opbrengs op totale kapitaal aangewend	18,8%	10,7%
Rente op lenings	11%	11%
Markprys per aandeel op die JEB	715 sent	915 sent
Netto batewaarde per aandeel	540 sent	?
Dividend per aandeel	235 sent	250 sent
Verdienste per aandeel	355 sent	290 sent

- C.** Beide maatskappye het op 28 Februarie 2025 'n totaal van 378 000 uitgereikte aandele.

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDITVERSLAE
(20 punte; 16 minute)**4.1 KORPORATIEWE BESTUUR**

Gebruik die onderstaande inligting hieronder en jou kennis oor maatskappye om die vrae te beantwoord.

INLIGTING:

Winston het opgemerk dat die maatskappy se Aankopebestuurder 'n nuwe skootrekenaar by 'n verskaffer ontvang het. Hy het dit dadelik aan sy toesighouer rapporteer.

Die toesighouer was aanvanklik huiwerig om die saak verder te ondersoek, maar het tog op Winston se versoek inligting oor die aangeleentheid ingewin.

Tydens die verdere ondersoek het dit aan die lig gekom dat 'n tender om die maatskappy se rekenaartoerusting op te gradeer aan dié verskaffer toegestaan is.

GEVRA:

- 4.1.1 Kies die korrekte antwoord uit die woorde tussen hakies.
Winston kan in hierdie situasie as 'n (fluitjieblaser/werknemer) beskryf word. (1)
- 4.1.2 Dit is noodsaaklik dat die identiteit van persone wat korrupsie rapporteer beskerm word. Geen EEN rede wat gebruik kan word om die direkteure te oortuig dat hulle nie openlik vir Winston kan bedank nie. (2)
- 4.1.3 Verskaf EEN term om die "geskenk" wat die Aankopebestuurder ontvang het, te beskryf. (1)
- 4.1.4 Dui EEN interne maatreël aan wat die maatskappy kan instel om 'n herhaling van so voorval in die toekoms te voorkom. (2)
- 4.1.5 'n Besorgde aandeelhouer het van die voorval te hore gekom. Verskaf TWEE moontlike vrae wat hy by die volgende AJV kan vra in verband met die maatskappy se tenderbeleid. (4)

4.2 OUDITVERSLAE

Die volgende is 'n uittreksel uit die ouditverslag van Pilanesberg Beperk vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2025:

Ouditmening

Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy, Pilanesberg Beperk, op 30 April 2025 en die resultate van hul bedrywighede en kontantvloei vir die jaar geëindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde, en in die wyse soos vereis deur die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008).

Motepo Vennote

Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)

31 Mei 2025

GEVRA:

- 4.2.1 Dui aan watter tipe ouditverslag Pilanesberg Beperk ontvang het. Verskaf EEN rede vir jou keuse. (4)
- 4.2.2 Gee EEN rede waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word. (2)
- 4.2.3 Koerantberigte het aangedui dat Motepo Vennote aan wanbestuur skuldig bevind is ten opsigte van ouditwerk wat by verskeie groot firmas gedoen is. Verduidelik hoe dit aandeelhouders van Pilanesberg Bpk. kan beïnvloed. Noem TWEE punte. (4)

20

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
(* Sien nota hieronder)	
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
Nota: * In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	